

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 4**

**25 Januarie 2026**

## In Pas met God se wil… - (Stephan Joubert)

God Is wie Hy Is. Hy weerstaan al ons pogings om Hom aan ons kant te probeer plaas en om Hom in ons eie menslike verpakkings vas te vang. Hy openbaar Hom te midde van en ten spyte van ons eie pogings om by Hom uit te kom. Hy kom van Sy kant af in Christus na ons toe. Hy, die Gans Andere, maak Hom kenbaar in Christus. Daarom moet ons God op sy eie terme ontdek en vind as ons oor Sy wil nadink. Sy wil gaan oor Hom, nie oor ons nie. Daarom is Sy wil anders as wat baie mense wat na vinnige antwoorde soek rakende Sy wil vir hierdie of daardie situsie in hulle lewe dink. Nogmaals, Sy wil is nie toevallig nie; dit is 'n lewenslange verhouding met God in Christus. Die goeie nuus (en slegte nuus vir party wat geen verantwoordelikheid vir hulle eie lewens wil neem nie) is dat God se wil nooit slaafs op ons afgedwing word nie. Ons het 'n keuse watter beroep ons wil beoefen; waar ons wil bly; en so aan. God dwing sulke keuses nooit willoos op ons af nie. Ons moet self besluit, in die lig van die unieke talente wat Hy vir ons elkeen gegee het, oor wat die beste beroep, adres en omstandighede sal wees waarbinne ons Sy Naam in HOOFLETTERS kan graveer. Wanneer ons elkeen se uiteenlopende en unieke talente in pas kom met God se een wil; wanneer ons agter Jesus aan sệ: "Nie my wil nie, maar U wil alleen," is daar harmonie tussen hemel en aarde op ons eie voorstoep. Geen wonder nie dat Paulus se enigste "loopbaanbeplanning" vir slawe is om beter slawe te wees na hulle bekering. Hulle "bevordering" is nie meer geld, beter posisies of groter huise nie, maar groter diensbaarheid in Jesus se Naam.

God se wil is geopenbaar in die Skrif; Sy wedstrydplan en spelreëls ook. God vereenvoudig Sy wil deur dit eksklusief aan Jesus te Koppel. Ons wat Christus as die Here ken, leef in Sy wil, tensy ons doelbewus kies om daarbuite te tree. Maar dit is ons daaglikse keuse of ons gaan volhard of nie. Die goeie nuus is egter dat God ons nie los as ons doelbewus ons hand probeer losruk uit Syne nie. Hy is die Goeie Herder. God skryf ons nooit af nie.

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Vir almal wat in brandgeteisterde en vloedgeteisterde areas woon.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Oom Piet Pretorius
- Marcel Holtzhausen
- Suzette Claes

Hettie Singleton
WP Britz
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Spokie Vorster
Rina Roos
Jaap Naudé
Marinda Jordaan

**Gedagte vir die week**

**Vader, nie my wil nie, maar Ú wil alleen!**
**Amen**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org